HIERDIE WEEK GAAN ONS:

- [ ] Dink elke dag wat het jy meer as een van wat jy met iemand kan deel?
- [ ] Lees elke dag Bybel
- [ ] Saam aan tafel eet
- [ ] Saam met 'n vriend of vriendin bid
- [ ] Sondagoggend se erediens saam kyk of saam kerk toe gaan
- [ ] 'n Vriend of vriendin saam bring kerk toe
- [ ] Die Huisgeloof aktiwiteit doen
- [ ]

Hoe voel ons die week?

21 - 27 NOV 2021

Huisgeloof

ONS WIL JOU NOOI OM BY DIE HUIS EN IN KLEINGROEPE VERDER OOR VANOGGEND SE TEMA TE GESELS. HIERDIE BLAD DIEN AS RIGLYN VIR GESPREK. DRUK DIE GESPREKSBLAD UIT EN PLAK DIT OP WAAR JULLE EET OF BYMEKAAR IS. GEBRUIK DIT GERUS AS RIGLYN WANNEER JULLE AS GESIN UIT DIE BYBEL LEES EN SAAM GESELS.

TEKSGEDEELTES VIR DIE WEEK:

Fokusteks: 1 Joh 1:1-4
Joh 14:23
Ef 2:19-22
Hand 2:41-47

SOEK SAAM

Dink aan verskillende maniere van kerk-wees. Soek voorbeelde in die Bybel van verskillende vorms van kerk-wees.

DINK SAAM

1. Waaraan dink jy as jy die frase hoor, "die gemeenskap van gelowiges?

2. "Dink aan voorbeelde waar "die gemeenskap"jou gedra het of ondersteun het.

3. Voel jy dat jy 'n bydrae lewer in jou gemeenskap, vertel ons meer?

DROOM SAAM

Ek wonder...
....hoe leer Jesus ons om gemeenskap te leef?
...Watter verskonings gebruik ons om nie meer deel te wees van 'n gemeenskap nie?
...Wat beteken dit om in die Beeld van God te leef" en sien ons hierdie beeld raak in ons gemeenskap?

DOEN SAAM

Gaan soek voorbeelde in die Bybel van hoe die vroeë kerk ons leer om gemeenskap te wees.

Aan watter maniere van gemeenskap wees en leef kan jy aan dink, wat ek en jy vandag aan kan deelneem en doen?

BID SAAM

Here help ons om nie net vir onsself te lewe nie, maar om deel te wees van 'n gemeenskap van gelowiges. Mag ander mense U beeld raak sien in hoe ons "gemeenskap" leef. Amen